**MAANDAG 8 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 9:20-29**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 9:27**

**Jafet – Jy is altyd welkom by die Here**

Jafet (uitbreiding), die seun van Noag, staan in die verhaal eintlik op die agtergrond. Hy en Sem word deur hulle pa geseën omdat hulle sy eer verdedig het, maar Sem kry die waardevolste seëning. Die Here sy God sal met sy nageslag ’n ewige verbond sluit.

Jafet kry net ’n ruim woonplek, maar wanneer ons mooi na die teks kyk, sien ons die Here se groot raadsplan raak. Met Jafet en sy nageslag het die Here tog ’n groter plan. Hulle kan ook aan sy verlossing deur Jesus Christus deel kry, hulle sal altyd by Hom welkom wees.

In vers 27 lees ons dat Jafet welkom sal wees in die tent van Sem wat deur die Here beskerm word. Hy en sy nageslag kan ook aan hierdie seëninge van die Here deel kry. Jesus Christus het vir alle volke, tale en nasies aarde toe gekom om vir ons te sterf.

Die Here het selfs vir my en jou, wat deurtrek is van die sonde, gesterf. Al is ons hoe klein en nietig, die Here is ons God. Hy het vir ons redding bewerk. Dit is nie vir ons nodig om ’n gebore Israeliet te wees nie, ons kan net in Hom glo.

Dit is hoe ver die Here se genade strek. Dit maak nie saak hoe ver jy van Hom afgedwaal het nie, jy is altyd welkom in sy “tent”. Hy sal jou vergewe en jou met ope arms ontvang.

Hieruit kry elkeen van ons ook die opdrag om die Woord van die Here aan almal wat nog nie in Hom glo nie, te verkondig. Om hierdie genade, dat enigeen kan deel kry aan die verlossing, aan almal te vertel.

Leef vandag opnuut met die troos dat jy altyd welkom is om by die Here skuiling te vind en deel hierdie troos met almal.

*Sing: Psalm 56-1:1*
*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn(Barkly-Oos/Maclear/Elliot)*